*Saterdag* **20 September**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 2:4-5**

**Die Gees werk die wedergeboorte in ons harte**

As Paulus in vers 1 vir ons ’n foto van onsself sonder God se genade wys, wys hy vir ons ’n lyk. Was ons maar net baie siek, kon ons nog ietsie vir onsself gedoen het. Wat ons nodig het, is om in ’n nuwe lewe op te staan. In sy groot “barmhartigheid” los God ons nie in ons doodsbestaan om welverdiend vir ewig verlore te gaan nie. In sy groot genade skenk Hy aan ons die verlossing in Christus.

Net ’n ware geloof laat my deel kry aan Christus en al sy weldade. Geloof is nie die ietsie wat ek moet doen om verlos te word nie. God die Heilige Gees vonk die blye boodskap van Christus in my hart en Hy vestig die waarheid daarvan in my hart en verstand. Hy werk die wedergeboorte in ons dooie harte, sodat ons nuutgebore in ’n nuwe lewe saam met Christus kan opstaan.

Nadat God alles geskep het, het Hy na alles gekyk en dit was goed. Sonde het alles kom bederf. As God ná die kruis en die leë graf na ons in Christus kyk, dan sê Hy: My “maaksel”, my meesterstuk. Deur sy Gees wat in ons werk, begin ons dade doen wat eie is aan Christus. Omdat ons deur die geloof een is met Hom, begin die vrug van die Gees in ons groei. In God se kind, wat eers dood en vir ewig verlore was, kry Christus gestalte. Wat ’n meesterstuk wat God se Naam verheerlik! Mag God se verlossingswerk in jou ook strek tot sy eer alleen.

*Sing: Skrifberyming 1-10:1*

*Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)*